Verwysing: 20200708-6865
Lêerno.: 12/2/13/6
Navrae: A Henriques

Inrigtingshulpbrononderstеuningsminuut: 0005/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunkdirekteure by distrikskantore, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van alle artikel 21 gewone openbare skole

**Onderwerp: Bestel van A4-kopieerpapier deur artikel 21-skole**

1. Neem asseblief kennis dat die bestelproses in hierdie minuut slegs van toepassing op artikel 21-skole is.

2. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) het 'n kontrak (B/WCED 2485/19) met twee diensverskaffers vanaf 02 September 2019 tot 31 Augustus 2022 gesluit om wit A4-kopieerpapier (Rotatrim/Typek) aan skole te verskaf en dit af te lewer. Verwys na Inrigtingshulpbrononderstеunngsminuut 11/2019 van 18 Oktober 2019.

3. Artikel 21-skole word die geleentheid gebied om wit A4-kopieerpapier direk te bestel van die diensverskaffer wat gekontrakteer is om wit A4-kopieerpapier aan elke afsonderlike onderwysdistrik te verskaf en dit af te lewer. Artikel 21-skole kan dus direk van die gekontrakteerde diensverskaffers bestel en hulle betaal. Die voordele wat bestelling van die gekontrakteerde diensverskaffers inhou, sluit laer pryse per item in en aflewering by die skool is ingesluit.

4. Die besonderhede van die diensverskaffers wat gekontrakteer is om wit A4-kopieerpapier te verskaf en af te lewer is:

**4.1 Diens 1 (Hoofkantoor en Metrodistrikte) en diens 2 (Distrik Kaapse Wynland)**

Dooling IT Solution CC
Posbus 39205
Capricornpark
7945
Kontakpersoon: Ms Telezita Dooling
E-posadres: wc@dooling.co.za

4.2 **Diens 3 (Distrik Overberg), diens 4 (Distrik Weskus), diens 5 (Distrik Eden en Sentrale Karoo)**

Business Development Executive: EBK Distributors (Pty) Ltd
Posbus 1344
Johannesburg
2000
Kontakpersoon: Mr Beryl Weimers
E-posadres: info@ebkdistributors.co.za

5. Die aangehegte pryslys sal vanaf 02 September 2019 tot 31 Augustus 2022 van krag wees. Artikel 21-skole moet gebruik maak van die pryse wat op hulle streek van toepassing is.

6. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke amptenare.

**GETEKEN:** MS ABRAHAMS
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING**
**DATUM:** 2020-07-29